BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Dankie BabaGim®, Eleanor kruip soos ‘n kampioen!

Erina du Preez

Ek is Erina en vertel graag hoe BabaGim my dogtertjie help kruip het. Ons het begin met BabaGim 2: Ferm Grondslag klassies en het getrou ons oefeninge gedoen. Hier het ek ‘n wonderlike ondersteuningsnetwerk ontdek en die uitruil van praktiese wenke het baie gehelp. Ek’t besef dat Eleanor stadiger as ander babas van haar ouderdom groot motoriese mylpale bereik, tog het sy binne die aangewese raamwerk gebly. Ons het gewag, maar Eleanor wou net nie begin kruip nie. Ek het vir Diamari van BabaGim in Bloemfontein gekontak toe Eleanor 11maande oud was. Diamari het voorgestel dat ek die kruip klassies kom bywoon, aangesien ons slegs 4 weke gehad het voor haar eerste verjaarsdag, waarop sy veronderstel was om te kon kruip. Eleanor het nog geensins beweging getoon of oorgekom vanaf ‘n sittende posisie na ‘n hande-vier-voet-posisie nie, my hart het gesink. Ek kon nie regtig sien hoe ons iets sou regkry nie en ek het goed geweet hoe belangrik kruip vir verdere ontwikkeling is.

Tydens die klassie het Diamari Eleanor se beweging dop gehou en vir my gewys watter BabaGim oefeninge ek tuis met haar moes oefen. Ons sou voortdurend in kontak wees om te gesels oor ons vordering en om die BabaGim oefeninge daarvolgens aan te pas. Ons is huistoe en ons het begin oefen. Sommer so speel-speel: Mamma alleen met haar, Pappa alleen met haar, ons al drie saam-saam; selfs tydens elke doekruil het ons geoefen soveel ons kon. Wanneer sy moeg geraak het en ons so bietjie ekstra moes motiveer het ons die speelgoed nader getrek en met nog meer entoesiasme geoefen. Kort voor lank was daar vordering: Eleanor het eers begin uitstrek na voorwerpe naby haar, en toe begin seil op haar maag, gryp met altwee hande vorentoe en trek dan die lyf agterna, maar die bene wou net nie lig en wikkel nie. Ons het aanhou oefen en baie ‘fietsie-getrap’, sowaar stadig maar seker het die een beentjie begin saamwerk.

Na een week het sy met moeite die kruip-posisie reggekry. Ek was so opgewonde! Ek wou dit ‘n verrassing vir die volgende BabaGim klassie hou en het net gerapporteer dat ons goed vorder. Diamari het my weer verseker dat ons sal regkom, maar dat ek geduldig moet wees en aanhou met die oefeninge.

Twee weke na ons eerste BabaGim 3: kruip klassie het ons opgewonde opgedaag, maar wou niks sê nie. Diamari en die ander mamma het my gevra hoe dit gaan want hul was netso bekommerd soos ek eers was. Ek het grond toe gewys en daar het Eleanor model pragtig gekruip tot by die speeding van har keuse. Daar kruip sy toe asof sy dit nog altyd kon doen! My baba wat geen teken van beweging 2 weke gelede getoon het nie, kon kruip! Beide Diamari en die ander mamma kon nie hul oë glo nie. Ek sal nooit daardie gevoel kan verwoord nie, ek was so trots op my dogtertjie. Danksy die hulp en bystand van BabaGim het Eleanor binne 2 weke geleer om te kruip! My hulpelose gevoel het soos mis voor die son verdwyn, my dogtertjie het gestraal van blydskap en my hart het oorgeloop van vreugde.

Eleanor is nou 13 maande oud en verkies steeds om die wêreld kruip-kruip te verken in plaas daarvan om te stap. Dit is vir haar die grootste plesier om haar handjies so hard as moontlik op ons huis se houtvloere neer te slaan en te laat weet sy is oppad!

Baie dankie BabaGim, julle het ons verwagtinge by verre oortref, sonder julle fisiese en emosionele ondersteuning sou ons dit verseker nie kon doen nie!

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2016